Sondag 14 Mei 2023 Marcel Floor

## Liturgie:

Votum & Seëngroet
Ps. 34-1:1, 2 & 6
Geloofsbelydenis: 12 Artikels
Eks. 20 (2020 AV)
Ek en God alleen
Lied 245:1&3
Gebed
Kinderkerk word verskoon.
Lied 334:1-4
Tema: Integriteit in my optrede en woorde
Preek
Gebed
Dankoffer vir die diens van barmhartigheid
Lied 450:1-2
Wegstuurseën
Sing Amen
Afkondigings

## Preekskets:

**Tema: Integriteit in my optrede en woorde**

**Inleiding**

**A: Integriteit in my optrede**

1. Integriteitmense dra nie maskers nie.
    a. Rom. 2:21-24: "*Jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy nie? Jy wat sê 'n mens mag nie egbreuk pleeg nie, pleeg jy nie egbreuk nie? Jy wat 'n afsku het van afgode, beroof jy nie hulle tempels nie? Jy wat jou op die wet beroem, doen jy God nie oneer aan deur sy wet te oortree nie? Inderdaad, soos daar geskrywe staan, "as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster*."
2. Integriteitmense dink nie hulle is beter as ander nie.
    a. Rom. 12:16: *Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges*.
    b. Gal. 5:26: *Ons moenie verwaand wees nie*...
3. Integriteitmense laat mekaar nie in die steek nie. (Mark. 14:66-72)
4. Integriteitmense eer God se Naam en maak sy Naam groot.
    a. Mat. 6:9: *Laat U Naam geheilig word*.
    b. HK Sondag 47: ... *dat ons hele lewe, ons gedagtes, woorde en dade, alles daarop gerig sal wees dat God se Naam, nie om ons ontwil gelaster sal word nie, maar geprys en geëer sal word*.

**B: Integriteit in my woorde**

1. Integriteitmense praat die waarheid.
    a. Eks. 20:16: *Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie*. (vgl. HK Sondag 43)
    b. Ef. 4:25: *Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat*.
2. Integriteitmense etiketteer nie ander nie. (Matt. 5:22, Ef. 4:31, Jak. 3:1-11)
3. Integriteitmense praat nie kwaad nie, skinder nie en laster nie.

   a. Rom. 1:28-30: *Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle* <u>*skinder*</u> *en* <u>*praat kwaad*</u>...

4. Integriteitmense dink voor hulle praat.
   a. Spr. 15:28: *'n Regverdige mens dink voor hy antwoord*...
   b. Spr. 20:5: *'n Oorwoë mening is diep waters; 'n verstandige mens skep daaruit*.
   c. Ps. 141:3: *Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê*.